HOËRSKOOL STRAND

# BUITELEERDERSBELEID: SPORT

## 1. INLEIDING

Die skool laat leerders van ander skole en instansies wat nie skoolsport aanbied nie, toe om in te skryf by Hoërskool Strand en as ’n Hoërskool Strand deelnemer deel te neem onderhewig aan sekere voorwaardes en bepalings. Leerders van laerskole wat oor-ouderdom is, kan ook aansoek doen om as buiteleerder by Hoërskool Strand sport te beoefen. Die aantal buiteleerders toegelaat per sport kan beperk word om sodoende die leerders van Hoërskool Strand te bevoordeel.

## 2. LEERDERS VAN LAERSKOLE

Leerders wat oor-ouderdom is en nie verkiesbaar is vir die 0/13-span in die laerskool nie, mag op die voorgeskrewe aansoekvorm aansoek doen om by Hoërskool Strand aan sport deel te neem, onderworpe die volgende voorwaardes:

- Hy/sy moet van voornemens wees en formeel onderneem om by Hoërskool Strand in te skryf as toekomstige leerder in Graad 8, met streng voorbehoud van die skool se regte tydens oorweging om formele toelating in terme van die skool se Toelatingsbeleid.
- ’n Administrasiefooi, soos jaarliks bepaal deur Beheerliggaam van Hoërskool Strand, is betaalbaar voordat die speler in enige span opgeneem mag word.
- Die sportkoördineerder sal die laerskool kontak om inligting oor die speler/atleet se gedrag ens. in te win alvorens die aansoek oorweeg en toestemming verleen sal word, al dan nie.
- Hierdie speler onderneem om hom/haar neer te lê by die reëls van Hoërskool Strand.
- Hy/sy word nademaal op meriete in ’n span opgeneem.
- Hy/sy neem deel in Hoërskool Strand sportdrag.
- Hierdie spelers mag aan Interskole (somer en/of winter) deelneem, indien hy/sy die hele seisoen ten gunste van Hoërskool Strand deelgeneem het.
- Toere mag meegemaak word en kostes hieraan verbonde sal deur die leerder se ouers/voogde betaal word.
- Leerders kan ingeskryf word vir provinsiale proewe indien hulle potensiaal toon en kostes hieraan verbonde sal deur die leerders se ouers/voogde betaal word.
- Indien ’n buiteleerder die gedragskode of skoolreëls oortree, sal hy/sy nie meer aan die sportsoort mag deelneem nie. Hy/sy verbeur gevolglik die reeds betaalde administrasiefooi

asook  die voorreg om in die toekoms aansoek by die Hoërskool Strand te doen ter inskrywing as leerder.

## 3. BUITELEERDERS

- Leerders wat in skole of instansies is wat nie sport aanbied nie, kan op die voorgeskrewe aansoekvorm aansoek doen om by Hoërskool Strand aan sport deel te neem.
- ŉ Inskrywingsfooi, soos jaarliks bepaal deur Beheerliggaam van Hoërskool Strand, is betaalbaar voordat die speler in ’n span opgeneem mag word.
- Die sportkoördineerder sal die verwysings kontak om inligting oor die speler/atleet se gedrag, ens. in te win alvorens die aansoek oorweeg en toestemming verleen sal word al dan nie.
- Hierdie speler onderneem om hom/haar neer te lê by die reëls van Hoërskool Strand.
- Sodanige speler kom nie in aanmerking vir die A-span nie, maar kan in uitsonderlike gevalle, soos vasgestel deur die Beheerliggaam van Hoërskool Strand, wel daar gebruik word, sou omstandighede dit vereis. Sodanige gevalle en omstandighede word oorweeg deur die Sport Kodehoof in samewerking met die Adjunkhoof: Sport, die Sportkomitee en die SBL Portefeuljehouer: Sport en nademaal voorgelê aan die Beheerliggaam van Hoërskool Strand.
- Hierdie spelers mag nie sondermeer aan Interskole (somer en/of winter) deelneem nie, maar kan op aansoek en instemming deur die Beheerliggaam asook mededingende skole, by uitsondering, wel toegelaat word tot deelname.
- Toere mag meegemaak word en kostes hieraan verbonde sal deur die leerder se ouers/voogde betaal word.
- Leerders kan ingeskryf word vir provinsiale proewe indien hulle potensiaal toon en kostes hieraan verbonde sal deur die leerders se ouers/voogde betaal word.
- Indien ’n buiteleerder die gedragskode of skoolreëls oortree, sal hy/sy nie meer aan die sportsoort mag deelneem nie.  Hy/sy verbeur gevolglik die reeds betaalde inskrywingsfooi asook  die voorreg om in die toekoms aansoek by die Hoërskool Strand te doen ter inskrywing as leerder.

## 4. PROSEDURES

Die volgende proses sal gevolg word indien ‘n buiteleerder aan sport by Hoërskool Strand wil deelneem. Dieselfde prosedure word gevolg vir oor-ouderdom laerskoolleerders wat by Hoërskool Strand aan sport wil deelneem, maar hulle betaal nie ‘n inskrywingsfooi nie, wel ‘n administrasiefooi.

4.1 ’n Buiteleerder kry ’n aansoekvorm by die finansiële kantoor of die sportkantoor en betaal onmiddellik sy/haar administrasiefooi/inskrywingsfooi.

4.2 By ontvangs van ’n aansoekvorm teken en ontvang die buiteleerder die gedragskode van die skool.

4.3 Die aansoekvorm word deurgegee aan die sportkoördineerder, wat dit dan verwerk saam met die sporthoof, organiseerder van die spesifieke sportsoort asook die afrigter van die ouderdomsgroep waaraan die buiteleerder moontlik sou deelneem.

4.4 Die verwerking van ‘n so ‘n aansoek behels die volgende:

4.4.1 Die skakel van die buiteleerder se skool of instansie en die referente soos aangedui op die aansoekvorm.

4.4.2 ‘n Onderhoud met die buiteleerder.

4.5 Die sportkoördineerder, gee terugvoering aan die buiteleerder of sy/haar aansoek goedgekeur is aldan nie.

4.6 Indien die aansoek goedgekeur word, meld die buiteleerder aan by die afrigter. Die buiteleerder mag nie oefen, wedstryde speel of op ‘n skoolbus klim todat hy/sy nie goedgekeur is nie.

4.7 Die sportkoördineerder hou ‘n kopie van die aansoek op lêer plus enige ander aansoekdokumentasie.

4.8 Die afrigter van die buiteleerder se ouderdomsgroep ontvang ‘n kopie van die goedgekeurde aansoek.

GETEKEN TE **STRAND** OP HIERDIE …… DAG VAN …………………………………2022.

____________________________ ____________________________

VOORSITTER SKOOLHOOF

**HOËRSKOOL STRAND**

**BUITELEERDER DEELNAME AAN SPORT**

## Aansoek om toelating tot ........................................................................ (sportsoort)

Hierdie aansoekvorm moet vergesel word van die volgende gesertifiseerde bewyse:

- Afskrif van die leerder/speler se ID of geboortesertifikaat.
- Afskrif van die mediesefondskaart.
- Afskrif van die ID van die hooflid op die mediesefondskaart

| A. BESONDERHEDE VAN SPELER/DEELNEMER (Merk met X in betrokke blokkie) | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | |
| **Seun** | **Meisie** | **0.14** | **0.15** | **0.16** | **0.17** | **0.18** | **0.19** |
| | | | | | | | |

| | | |
|---|---|---|
| **VAN:** | | |
| **VOLLE VOORNAME:** | | |
| **NOEMNAAM:** | | |
| **GEBOORTEDATUM:** | | |
| **SELFOONNOMMER:** | | |
| **TELEFOONNOMMER (H):** | | |
| **HUISADRES (Indien verskil van ouer se adres):** | | |
| **POSISIE GESPEEL:** | | |
| | | |
| **B. BESONDERHEDE VAN OUER/VOOG** | | |
| **VADER/VOOG:** | | |
| **VAN:** | | |
| **VOORNAME:** | | |
| **WOONADRES:** | | |
| | | |
| | | **KODE** |
| **SELFOONNOMMER:** | | |
| **TELEFOONNOMMER:** | **(H)** | **(W)** |
| **E-POSADRES:** | | |
| **MOEDER/VOOG** | | |
| **VAN:** | | |
| **VOORNAME:** | | |
| **WOONADRES:** | | |
| | | |
| | | **KODE** |
| **SELFOONNOMMER:** | | |
| **TELEFOONNOMMER:** | **(H)** | **(W)** |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **E-POSADRES:** | | | |
| **C. ANDER BESONDERHEDE** | | | |
| **SKOOL/INSTANSIE SE NAAM:** | | | |
| **NAAM VAN REFERENT 1 (by huidige skool)** | | **TEL.** | |
| **NAAM VAN REFERENT 2:** | | **TEL.** | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **D. MEDIES** | | | | |
| **NAAM VAN HOOFLID:** | | | | |
| **NAAM VAN MEDIESE FONDS:** | | | | |
| **MEDIESE FONDS NOMMER:** | | | | |
| **ALLERGIEË OF BESTAANDE MEDIESE TOESTANDE (bv. asma ens.)** | | | | |
| **KEUSE VAN HOSPITAAL:** | **PROVINSIAAL** | | **PRIVAAT** | |
| **ENIGE BEPERKINGS/VOORSKRIFTE VAN U MEDIESE FONDS (bv. mag slegs CareCross dokter gebruik, mag slegs na 'n MediClinic geneem word ens.)** | | | | |

**UITEENSETTING VAN UITSONDERLIKE OMSTANDIGHEDE** (uitgesluit Laerskoolleerders)**:**

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

**E. ONDERNEMING DEUR SPELER**

- Dat ek die Gedragskode van die Hoërskool Strand aanvaar en my te alle tye daarby sal hou. Gedragskode is beskikbaar op aanvraag.
- Dat ek te alle tye die naam van Hoërskool Strand op 'n positiewe wyse sal uitdra in die betrokke skoolaktiwiteit.
- Dat ek die volle seisoen beskikbaar sal wees vir die betrokke aktiwiteit en stiptelik alle oefeninge en byeenkomste sal bywoon.
- Dat, as ek a.g.v. omstandighede buite my beheer, nie kan voortgaan nie, ek my onttrekking skriftelik (met die ondertekening van my ouers) sal inhandig by my betrokke afrigter/organiseerder.
- Ek neem kennis dat ek nie in aanmerking vir die A-span kom nie (Laerskoolleerders uitgesluit), maar dat ek in uitsonderlike gevalle, soos vasgestel deur die Beheerliggaam van Hoërskool Strand, wel daar gebruik kon word, sou omstandighede dit vereis.

.......................................................................................... ……………………………….
HANDTEKENING VAN SPELER DATUM

**F. ONDERNEMING DEUR OUER/VOOG**

- Ek onderneem om die administrasiefooi/inskrywingsfooi per sportsoort te betaal t.o.v. onder andere voorsiening van fasiliteite, administrasie, noodhulp, vervoer, afrigting en verwante onkoste.
- Ek 'n gedragskode van die Hoërskool Strand ontvang en daarvoor geteken het.
- Ek sal toesien dat hy/sy die Gedragskode van die Hoërskool Strand nakom.
- Dat die skool onvoorwaadelik gevrywaar word teen enige eise a.g.v. deelname aan skoolaktiwiteite.
- Ek verleen toestemming dat hy/sy na 'n geneesheer, hospitaal of 'n ander mediese gesondheidsinrigting geneem mag word in die geval van 'n noodgeval.
- Ek verleen toestemming dat hy/sy toere, klinieke, uitstappies mag bywoon en aanvaar alle finansiële verantwoordelikheid vir toerkoste asook enige skade en/of verlies van hom/haar wat mag spruit uit toere, klinieke, uitstappies.
- Ek sal toesien dat alle oefeninge/byeenkomste stiptelik bygewoon word.
- Ek sal toesien dat die korrekte sportdrag/skooldrag vir die spesifieke geleentheid gedra word.
- Ek sal my kind ondersteun en aanmoedig in die aktiwiteit waaraan hy/sy deelneem.
- Ek bewus is dat hy/sy slegs by goedkeuring van die Beheerliggaam en mededingende skole aan Interskole (somer en/of winter) mag deelneem (Laerskoolleerders uitgesluit).
- Dat hy/sy nie deur die versekering van die skool gedek word nie.
- Ek neem kennis dat my kind nie in aanmerking kan kom vir die A-span nie (Laerskoolleerders uitgesluit), maar dat hy/sy in uitsonderlike gevalle, soos vasgestel deur die Beheerliggaam van Hoërskool Strand, wel daar gebruik sou kon word, sou omstandighede dit vereis.

.......................................................................................... ……………………………….
HANDTEKENING VAN OUER DATUM

# UITTREKSEL UIT DIE GEDRAGSKODE VIR LEERDERS

## *HOOFSTUK 2 - GEDRAGSREËLS*

### *1. INLEIDING*

*Vir die toepassing van hierdie gedragskode word gedragsreëls in twee kategorieë ingedeel (A en B), waar oortreding van die reëls wissel van minder ernstige wangedrag tot ernstige wangedrag. Hierdie indeling stem ooreen met die verskillende dissiplinêre stappe wat geneem word en die verskillende prosedures wat gevolg mag word in die hantering van wangedrag.*

## *KATEGORIE A: MINDER ERNSTIGE WANGEDRAG*

### *2. ALGEMENE REËLS*

2.1 *Die leerders moet hulle te alle tye gedra sodat hulle goeie ambassadeurs van die skool is.*

2.2 *Die leerders moet te alle tye indien hulle in die skool se skooldrag of enige gedeelte daarvan geklee is wat voldoende is om hulle met die skool te verbind in die oë van die publiek, of terwyl hulle die skool verteenwoordig, direk of indirek, hetsy as deelnemers, ondersteuners, helpers, toeskouers of andersins, hulleself op so 'n wyse gedra dat dit nie die skool, personeel of hulle medeleerders in 'n swak lig stel nie.*

2.3 *Dit word van leerders verwag om hulle te vergewis van hierdie gedragskode en om hulle te weerhou van optrede wat inbreuk maak op die regte van ander wat daarin vervat is.*

2.4 *Leerders moet te alle tye in hulle omgang met die skoolhoof, adjunkhoofde, opvoeders en ander personeel van die skool die nodige hoflikheid en respek betoon en moet hulle weerhou van optrede wat neerkom op opstandigheid. In hierdie verband sluit opstandigheid nie in enige optrede wat in ooreenstemming is met die regverdigbare uitoefening van die leerder se regte kragtens Hoofstuk 7 van die gedragskode nie.*

2.5 *Leerders is verplig om die skoolhoof en personeel te ondersteun in die daarstelling en handhawing van goeie orde asook 'n omgewing en toestande waarin die leer- en opvoedingsproses ongehinderd toegepas kan word. In besonder moet leerders enige redelike opdrag van die skoolhoof, enige opvoeder, lid van die leerderraad gehoorsaam en onmiddellik uit voer ten einde die oogmerk hierin genoem te verwesenlik.*

2.6 *In hulle omgang met mekaar moet leerders sover moontlik selfbeheersing toepas en wedersydse respek en verdraagsaamheid betoon. In die besonder moet leerders hulle*

*weerhou van enige gedrag wat daarop gemik is om die fisiese, geestelike en morele welstand van enige ander leerder te skend of wat daartoe mag lei.*

### *3. AFWESIGHEID VAN SKOOL OF SKOOLAKTIWITEITE*

3.1 *Leerders mag slegs in uitsonderlike gevalle afwesig wees van die skool, en dan slegs met die skriftelike toestemming van die graadleier.*

3.2 *Indien enige leerder sonder 'n aanvaarbare verskoning van die skool afwesig is, word dit as stokkiesdraai gesien, wat streng verbode is.*

3.3 *'n Leerder wat van die skool afwesig is moet by sy/haar terugkeer skool toe 'n skriftelike verduideliking van sy/haar ouers voorlê wat dan deur die graadleier oorweeg sal word, om te bepaal of dit as aanvaarbare verskoning geld.*

3.4 *'n Leerder wat vir meer as 10 (tien) opeenvolgende skooldae afwesig is van die skool sonder geldige verskonings kan van die amptelike skoolregister verwyder word.*

3.5 *’n Leerder wat die skoolterrein gedurende die skooldag sonder toestemming verlaat kan slegs weer tot die skool toegelaat word nadat die leerder se ouer/voog ’n afspraak met die skoolhoof nagekom het.*

### *4. KENNISGEWINGS*

*Elke leerder is verplig om alle kennisgewings - insluitende alle dissiplinêre skrywes, akademiese rapporte ens - vanaf die skool wat deur die beheerliggaam, skoolhoof, dissiplinehoof of 'n opvoeder van die skool aan hom/haar gegee is, aan sy/haar ouers te oorhandig, en om stiptelik enige ontvangserkenning wat die ouers moet voltooi, aan die opvoeder te voorsien.*

### *5. KLEREDRAG EN VOORKOMS*

*Leerders is verplig om die skool se kleredrag- en voorkomsreëls na te kom soos dit uiteengesit is in aanhangsel A.*

### *6. MOTORVOERTUIE EN MOTORFIETSE*

6.1 *Geen leerder mag 'n motorvoertuig of motorfiets op die eiendom wat deur die skool geokkupeer word bring nie, tensy hy/sy beskik oor vooraf skriftelike toestemming van die skoolhoof of aangewese personeellid.*

6.2 *Die bestuur van 'n motorvoertuig of motorfiets deur 'n leerder op so 'n wyse dat dit 'n risiko of moontlike nadeel inhou vir ander leerders op die skoolterrein of ander leerders en lede van die publiek in die onmiddellike omgewing van die skoolterrein, word ten strengste verbied.*

6.3 *Voor skool en na skool gebruik motorfietse slegs die Kerkstraathek om die skoolterrein binne te kom en te verlaat.*

## *7. OMGEWING EN GESONDHEID*

7.1 *Leerders mag nie die skoolgronde of –geboue bemors nie.*

7.2 *Leerders wat toeskouers of ondersteuners by enige skoolaktiwiteit is, moet die terrein deur hulle beset netjies en skoon agterlaat, en moet seker maak dat alle rommel opgeruim en in vullishouers geplaas word.*

7.3 *Leerders moet kleedkamers en toilette skoon agterlaat.*

7.4 *Enige optrede of versuim van leerders wat 'n gesondheidsrisiko vir ander leerders veroorsaak of moontlik kan veroorsaak, moet vermy word.*

7.5 *Leerders mag nie in die teenwoordigheid van ander rokende leerders wees nie.*

7.6 *Leerders mag nie sigarette, elektroniese sigarette of enige vorm van tabak in hul besit hê nie.*

7.7 *Die gebruik en / of verskaffing van verbode aanvullings of supplemente is verbode.*

7.8 *Leerders mag nie enige afvoerpyp of toilet met papier of ander voorwerpe verstop of 'n waterkraan oop los nie.*

7.9 *Dit is verbode om slagspreuke ("graffiti"), plakkers, plakkate ens. op enige oppervlakte by die skool aan te bring, sonder die toestemming van die skoolhoof.*

7.10 *Leerders moet gehoor gee aan die redelike opdragte van die skoolhoof, enige opvoeder of lid van die leerderraad of terreinprefek met betrekking tot die handhawing van 'n skoon en higiëniese skoolomgewing.*

## *8. STIPTELIKHEID*

*Die skooldag en skoolaktiwiteite is versigtig beplan om die maksimum beskikbare tyd aan onderrig te bestee. Laatkommery veroorsaak ongewenste ontwrigting van die onderrigproses en aktiwiteite. Gevolglik moet leerders altyd op die bestemde tyd opdaag en aanwesig bly totdat hul deur die bevoegde persoon verskoon word.*

## *9. SKOOL- EN HUISWERK*

9.1 *Elke leerder moet die huiswerk wat deur 'n opvoeder voorgeskryf is, doen en stiptelik op die spertyd daarvoor aan die betrokke opvoeder oorhandig.*

9.2 *Elke leerder moet hand– en werkboeke wat vir die dag nodig mag wees by die skool hê.*

9.3 *Leerders moet hul huiswerk en take eerlik uitvoer en hul eie werk inlewer.*

9.4 *Leerders moet hul tydens klas en enige byeenkomste so handhaaf dat hul nie die geleentheid wat ander leerders het om te leer en te werk nadelig beïnvloed nie.*

9.5 *Leerders moet stiptelik en volledig voldoen aan die* ***klasreëls*** *asook aan enige verbale opdragte gegee deur die klasopvoeder of enige uitvoerende personeellid en wat redelikerwys noodsaaklik is om uitvoering te gee aan die Dissiplinêre beleid en/of redelik noodsaaklik is vir die behoorlike professionele bestuur van die skool.*

9.6 *Alle leerders moet hul voorgeskrewe skoolwerk met ywer, pligsgetrouheid en toewyding doen om sodoende 'n deurlopende werksetiek te ontwikkel. Versuim om aan hierdie reël te voldoen, sonder 'n aanvaarbare verskoning, sal as 'n oortreding van hierdie reël beskou word.*

9.7 *Leerders is verplig om enige werk wat hulle misgeloop het, so spoedig moontlik in te haal.*

## *10. SPORT- EN BUITEMUURSE AKTIWITEITE*

10.1 *Deelnemers aan sport en ander buitemuurse aktiwiteite*

10.1.1 *Leerders wat gekies word om die skool te verteenwoordig as deelnemers in enige sportaktiwiteit of namens hulle interne spanne, moet geklee wees in die sportdrag soos in die kleredragreëls uiteengesit, tydens en na deelname aan sodanige aktiwiteit. Die voorkomsreëls van die skool is ook steeds dan van toepassing.*

10.1.2 *Van alle leerders wat deelneem aan gemelde sportaktiwiteite word lojaliteit teenoor die skool en mededeelnemers verwag. In besonder moet deelnemers betyds en stiptelik aanmeld by die plek waar die aktiwiteit plaasvind of vanwaar die deelnemers vertrek na die betrokke plek van deelname en daar teenwoordig bly totdat hulle verskoon is.*

10.1.3 *Dit word van deelnemers aan gemelde sportaktiwiteite namens die skool verwag om te alle tye hoflik op te tree teenoor en om te voldoen aan die beslissings, voorskrifte en opdragte van:*

*10.1.3.1 die sporthoof en die opvoeder betrokke by die spesifieke sportsoort;*

*10.1.3.2 die skeidsregter of beoordelaar ten aansien van die betrokke aktiwiteit;*

*10.1.3.3 die spankaptein.*

10.1.4 *Alhoewel dit aanvaar word dat leerders wat aan sportaktiwiteite deelneem dit met oorgawe en met volle inspanning doen, word van sodanige leerders verwag om selfbeheersing en dissipline toe te pas. In die besonder mag leerders nie op 'n onsportiewe wyse optree nie en mag hulle nie vuil of beledigende taal gebruik of betrokke raak in gevegte of insidente of hulle skuldig maak aan vuil- of onbehoorlike spel van enige aard nie.*

10.2 *Toeskouers en ondersteuners van sport en ander buitemuurse aktiwiteite*

10.2.1 *Alle leerders wat enige skoolaktiwiteit as toeskouers of ondersteuners bywoon sal, benewens die verpligting om die bepalings van hierdie gedragskode na te kom, hulle weerhou van ontwrigtende, onbehoorlike, opstandige, onnodig opruiende of onbetaamlike gedrag. In die besonder mag leerders nie negatief reageer op die beslissings van beoordelaars of skeidsregters nie.*

10.2.2 *Leerders wat enige skoolaktiwiteit bywoon sal hulle onderwerp aan en gehoorsaamheid openbaar teenoor enige opdragte en aanwysings aan hulle gegee voor, tydens en na afloop van die betrokke aktiwiteit deur die skoolhoof, enige opvoeder, lid van die leerderraad of ouer deur die skoolhoof aangestel om te help met die vervoer, toesig of kontrole van leerders wat vervoer word na of van die betrokke aktiwiteit of dit bywoon.*

## ***11. SKOOLEIENDOM***

11.1 *Elke leerder is verplig om alles in sy/haar vermoë te doen om die skool se eiendom te bewaar sodat dit gebruik kan word tot voordeel van alle huidige en toekomstige leerders van die skool.*

11.2 *Enige skooleiendom wat aan die sorg en kontrole van 'n leerder toevertrou word, moet aan die skool terug gelewer word op die bestemde tyd (d.w.s. wanneer versoek deur die beheerliggaam, skoolhoof of 'n opvoeder van die skool), in dieselfde toestand as waarin dit was toe dit aan die leerder toevertrou is, billike gebruik en slytasie uitgesluit. Leerders en hul ouers sal aanspreeklik wees teenoor die skool vir vergoeding vir enige verlies of skade aan sodanige eiendom.*

11.3 *Geen leerder mag doelbewus of per ongeluk enige skooleiendom skend, beskadig, vernietig of verloor nie. Waar skade aangerig word deur 'n leerder kan daar van die ouer verwag word om die skool te vergoed vir die skade aangerig deur die leerder.*

11.4 *Geen leerder mag enige skooleiendom van die perseel van die skool verwyder sonder die vooraf toestemming van die skoolhoof of 'n opvoeder van die skool nie.*

11.5 *Leerders mag nie enige eiendom van die personeel van die skool, medeleerders, besoekers aan die skool of lede van die publiek hanteer, beskadig, merk, skend of vernietig nie. Hierdie reël is van toepassing op eiendom op die skoolterrein, in die onmiddellike omgewing van die skool, by of naby die plek van enige skoolaktiwiteit, asook enige voertuig waarmee leerders vervoer word en die eiendom daarop.*

## *12. SELFONE, iPODS EN SOORTGELYKE TOESTELLE*

*Die skool toe bring van selfone en/of elektroniese toestelle word ten sterkste ontmoedig. Wanneer 'n selfoon of enige ander elektroniese toestel wel in 'n noodgeval of regverdigbare rede skool toe gebring word, sal die volgende van toepassing wees.*

*12.1 Geen selfoon en/of enige ander elektroniese toestel mag **tydens die skooldag** tussen **07:30** en **14:30** in besit (i.e. op sy/haar persoon) wees van enige leerder, sonder die fasilitering deur ’n opvoeder nie. **Sluitkassies** word teen vergoeding beskikbaar gestel aan leerders vir doeleindes van veilige bewaring gedurende die skooldag van enige selfoon en/of ander elektroniese toestel.*

*12.2 Indien die bogenoemde reël/beleid enigsins oortree word, word die selfoon (handstuk en simkaart) en/of ander elektroniese toestel afgeneem vir 'n tydperk van **6 (ses) weke** en in veilige bewaring toegesluit, waarna die leerder dit kan afhaal. 'n Dokument sal as bewys aan hom/haar uitgereik word. ’n **Afkoopboete** (tans R600, i.e. R100 per week) kan by die finansiële kantoor betaal word om die selfoon en simkaart (of ander elektroniese toestel) op ’n vroeër datum terug te kry.*

*12.3 Geen diefstal van enige selfoon en/of ander elektroniese toestel sal deur die skool ondersoek word nie tensy daar direkte getuienis beskikbaar is oor verdagtes.*

*12.4 Geen leerder mag tydens 'n eksamen of 'n toets-sessie 'n selfoon en/of enige ander elektroniese toestel/hulpmiddel, behalwe ’n goedgekeurde sakrekenaar, in sy/haar besit hê nie. Dit sal as 'n eksamen-onreëlmatigheid hanteer word en kan in sekere gevalle as 'n eksamen-oneerlikheid beskou word.*

*12.5 iPods, MP3-spelers en enige derglike elektroniese toestel word ingesluit by hierdie reëlings / verbod.”*

***13. TAALGEBRUIK***

13.1 *Dit word van leerders verwag om hulself altyd op 'n beskaafde wyse uit te druk, hoflik op te tree teenoor opvoeders, personeel, besoekers en medeleerders.*

13.2 *Geen leerder word toegelaat om vloek-, skel-, kru- of vernederende taal teenoor die skoolhoof, opvoeders, personeel, besoekers of medeleerders te besig nie.*

***14. TOETSE EN EKSAMENS***

*Toetse en eksamens het ten doel om die leerder se kennis en begrip van ‘n bepaalde deel van die skoolwerk te beoordeel.*

14.1 *Alle leerders is verplig om hulle te onderwerp aan die toetse en eksamens wat deur die opvoeders in die loop van hul professionele pligte afgeneem word. Versuim om aan hierdie reël te voldoen sal slegs in uitsonderlike gevalle gekondoneer word, nadat die ouers van die betrokke leerder 'n volledige en aanvaarbare verduideliking op skrif aan die skoolhoof oorhandig het op die vroegste moontlike geleentheid.*

14.2 *Leerders moet hulle tydens die afneem van toetse of eksamens weerhou van afkykery of enige ander oneerlike gedrag.*

14.3 *Leerders mag nie op enige wyse met mekaar kommunikeer of enige steurnis veroorsaak tydens die afneem van toetse of eksamens nie.*

14.4 *Geen leerder mag in besit wees van 'n selfoon of ander elektroniese hulpmiddel (behalwe nie-programeerbare sakrekenaar indien benodig vir eksamen/toets) terwyl hy/sy eksamen of toets skryf nie.*

14.5 *Leerders wat vir toetse en of eksamens afwesig is, moet 'n geldige mediese sertifikaat aan die skoolhoof oorhandig op die vroegste moontlike geleentheid. Versuim om 'n mediese sertifikaat in te handig sal beskou word as afwesig sonder geldige verskoning.*

***15. VERBODE GEBIED***

15.1 *Geen leerder mag tydens gewone skoolure op verbode gebiede van die skoolterrein wees sonder toestemming van 'n opvoeder nie.*

15.2 *Verbode gebiede word aangedui in aanhangsel B.*

## *KATEGORIE B: ERNSTIGE WANGEDRAG*

***16. LEERDERS MOET HUL WEERHOU VAN DIE VOLGENDE ERNSTIGE WANGEDRAG WAT TOT SKORSING EN/OF UITSETTING KAN AANLEIDING GEE***

16.1 *Enige growwe(verskeie) of herhaalde oortreding van die reëls van KATEGORIE A van die gedragskode, soos hierbo genoem*

16.2 *Gedrag wat die veiligheid van ander leerders of opvoeders in gevaar stel of bedreig.*

16.3 *Enige kriminele oortredings waarby geweld of die aantasting van 'n ander persoon se liggaamlike integriteit ter sprake is.*

16.4 *Bakleiery, aanranding of mishandeling (gedrag wat boelie insluit).*

16.5 *Besit of gebruik van of dreig met 'n gevaarlike wapen.*

16.6 *Viktimisasie, afknouery of intimidasie van medeleerders.*

16.7 *Oneerbiedigheid, afkeurenswaardige gedrag of beledigende taal teenoor enige persoon op die skoolterrein asook buite die skoolterrein waar die leerder as ’n leerder van Hoërskool Strand identifiseerbaar is.*

16.8 *Belastering of aantasting van die waardigheid van 'n lid van die personeel.*

16.9 *Diefstal of besit van gesteelde goedere, insluitende toets- of eksamenvraestelle voor aflegging van die betrokke toets of eksamen.*

16.10 *Brandstigting, opsetlike/kwaadwillge beskadiging of vernietiging van eiendom insluitende vandalisme of skadelike graffiti .*

16.11 *Enige beskadinging of peuter van watter aard aan die alarmstelsel of enige van die komponente daarvan.*

16.12 *Enige beskadinging of peuter van watter aard aan enige kameratoestelle by die skool.*

16.13 *Gedrag wat neerkom op haatspraak, sekssisme of rassisme.*

16.14 *Verkragting, onsedelike aanranding of seksuele teistering.*

16.15 *Besit of verspreiding van pornografiese materiaal.*

16.16 *Deelname aan enige vorm van openbare onsedelikheid of immorele gedrag.*

16.17 *Homself of haarself valslik identifiseer of bewustelik en opsetlik valse inligting verskaf of die vervalsing van dokumentasie met die doel om daardeur 'n onregverdige/onbillike voordeel in die skool te verkry.*

16.18 *Growwe oneerlikheid in 'n toets of eksamen.*

16.19 *In besit is of gebruik maak van enige ongemagtigde afskrif van `n toets- of eksamenvraestel, of kul, versprei, uitruil, omkoop of poog om enige persoon om te koop ten opsigte van enige toets of eksamen, met die doel om sodoende sigself of enige ander persoon in die posisie plaas om `n onbillike voordeel te verkry.*

16.20 *Gedrag wat 'n ernstige bedreiging, ontwrigting of frustrasie van die leer- en onderrigproses in die klas daarstel.*

16.21 *Deelneem aan 'n sameswering om die behoorlike funksionering van die skool te ontwrig deur middel van kollektiewe optrede.*

16.22 *Deelneem of sameswering om deur middel van kollektiewe optrede skade van enige aard aan eiendom of enige persoon te veroorsaak (Groep of bendevorming).*

16.23 *Besit, gebruik of verskaffing (verkoop of versprei) van dwelmmiddels of ongemagtigde middels, alkohol of bedwelmende stowwe van enige aard.*

16.24 *Om onder die invloed van alkohol en of dwelmmiddels te wees. ('n Positiewe dwelm- of alkoholtoets deur die skool word beskou as onder die invloed, vir die doeleindes. Dit moet onmiddellik aan die leerder se ouer(s)/voog gerapporteer en gereël word dat leerder by skool afgehaal word in belang van leerder self sowel as mede-leerders, personeel en ander besoekers aan die skool .)*

16.25 *Leerders mag nie op die skoolgronde of op enige ander plek geklee in vol of deel van hul skooluniform, rook nie. Dit sluit enige vorm van rook in soos sigarette, elektroniese sigarette, pyp, shisha pyp, rollies, hubbly bubly`s, hookahs en waterpyp.*

16.26 *Enige handeling of deelname aan enige vorm van inisiasie van enige ander leer van die skool.*

16.27 *Enige versuim om te voldoen aan enige strafmaatreël wat weens 'n oortreding van hierdie gedragskode opgelê is.*

16.28 *Enige versuim om sonder aanvaarbare verskoning dissiplinêre verrigtinge teen die leerder ingestel weens oortreding van hierdie gedragskode, by te woon, aanwesig te bly.*

16.29 *`n Daad of versuim van gruwelike/blatante ongehoorsaamheid aan die leerderraad of opvoeders.*

16.30 *Homself of haarself, volgens die mening van die beheerliggaam, op `n skandelike, onvanpaste of onbetaamlike wyse gedra of die ernstige skending van die regte van ander.*

16.31 *Enige daad wat die persoonlike integriteit van 'n ander persoon aantas.*

16.32 *Enige handeling of optrede wat die skool se naam in die algemeen benadeel.*